maar die ontvangers, na mate van die middele waaroor hulle beskik, maak gewoonlik 'n vrywillige bydrae tot die koste verbonde aan die opleiding van die honde. Kwekelinge neem hul intrek by die opleidingsentrum gedurende die vier weke wat vir instruksie nodig is. Enige blinde tussen die ouderdom van 18 en 55 jaar (50 in die geval van vroue) kom vir hierdie soort opleiding in aanmerking, mits hulle in normale goeie gesondheid verkeer en aan geen ander fisiese gebreke ly nie.

## DIE SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK VIR BLINDES.

W.O. 126. GRAHAMSTAD.

Gedurende die afgelope twee jaar het ons Braille-, Moon- en Praatboeke oor die hele Unie en Suidwes-Afrika versend. Ons stuur Moonboeke aan twee lesers in Kenia en 'n goeie aantal Braille- en Moonboeke aan lesers in die Federasie.

Die werk het so uitgebrei dat die blanke personeel aangewas het tot nege. Mej. Spurling is as assistent-sekretaresse aangestel en meeste van die verantwoordelikhede rus op haar skouers. Aan die einde van 1959 was daar 632 lesers nadat 46 oorlede is.

*Moon- en Braille-departement.* In 1959 is 12,077 boekdele versend, byna 1,000 meer as in die vorige jaar; ook is 4,441 tydskrifte uitgegee (63 meer as in 1958).

*Praatboek-departement.* 9,625 boekdele is gesirkuleer ('n gemiddeld van 32 boekdele per werksdag), wat 'n vermeerdering van 1,260 boekdele is, in vergelyking met 1958. Tydskrifte, wat die „Raeders' Digest" en „Daily Bible Readings" insluit, is ook uitgegee.

*Transkribeerders.* Engelssprekende transkribeerders was verantwoordelik vir 177 boekdele en sommige van hulle gee onderrig in Brailleskrif om toekomstige transkribeerders op te lei. Die Braille-Transkripsieburo van die S.A. Blindewerkersorganisasie het die transkripsie van alle Afrikaanse boeke oorgeneem en ons het 211 boekdele van hulle ontvang. Hierdie Buro bind ook al die boeke wat met die hand vir ons getranskribeer word. Vir hierdie waardevolle dienste betaal ons slegs die helfte van die koste.

Die Skool vir Blindes te Worcester het goedgunstiglik aan ons 15 boekdele geskenk.

Dit was vir ons baie aangenaam dat sommige van ons lesers en lede van ander organisasies wat hulle beywer vir die welsyn van die blindes, ons besoek het.

## BOSELE: SKOOL VIR BANTOEBLINDES, Pk. MPUDULE.

W.O. 2164.

Die Transvaalse Kindersendingkrans het aan Bosele die fondse geskenk vir die oprigting en meubilering van 'n oogkliniek. Dieselfde kindervereniging het ook onderneem om die nie-gesubsidieërde aandeel van 'n verpleegster se salaris te dra. Bosele is vol lof en waardering vir hierdie groot geskenk.

Noudat die oogkliniek voltooi is — 'n sierlike klipgebou in moderne boustyl uitgevoer deur slegs Bantoebouers — stel dit ons koshuis se siekekamers vry vir die huisvesting van 'n bykomende 16 leerlinge, bo en behalwe die beoogde 50 stuks waarvoor die gebou opgerig is. Hier is dan alreeds 56 leerlinge en 5 Bantoe-onderwyseresse.

Op eie inisiatief en onkoste het mev. C. W. Malan, eggenote van die prinsipaal, 'n intensiewe weefkursus by die Pretoriase Tegniese Kollege gevolg, ten einde beter in staat te wees om die Skool met die handwerk te kan help. Mev. Malan gee vrywillig elke middag vir ongeveer twee uur les by die Skool. Bosele is haar innig dankbaar vir dié daadwerklike belangstelling en opoffering. Ons vertrou dat haar pogings met groot sukses bekroon sal word.

By verskeie geleenthede het groepe van ons leerlinge met groot welslae voor die publiek opgetree. Dit bly 'n besondere genot om na die kinders se spontane sang te luister en ons ontvang al meer uitnodigings om voor Blanke gehore op te tree.

Die samewerking van albei kante met die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes bly vir ons stof tot groot dankbaarheid. Bosele is dankbaar dat hy mag put uit die rype ervaring van die Raad en verbly hom oor die beskeie aandeel wat hy mag bydra in blindesorg.

## SILOESKOOL VIR BLINDE BANTOEKINDERS.

W.O. 1663 — PIETERSBURG.

Ons kan die volgende verwikkelings rapporteer sedert 1958:-

Die onderwyspersoneel het met twee lede vermeerder en die getal kinders met sewe.

'n Crab-masjien is aangekoop en dit is van groot waarde vir die Skool ten opsigte van die embossering van leesboeke veral in die Pedien Afrikaanse taal.

In September 1959 het ons begin met die konstruksie van nuwe klaskamers, 'n biblioteek en 'n kantoor. Met uitsondering van twee klaskamers wat nog in aanbou is, het ons die nuwe gebou betrek in Maart 1960.

Deur middel van 'n spesiale toekenning deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap was dit vir ons moontlik om 'n 220 V. kragopwekker te installeer, en al die bestaande geboue te laat bedraad.

Vir die eerste keer het ons vanjaar twee kandidate vir Std. 6.

Van Julie 1958 tot Mei 1960 het 1772 oogpasiënte behandeling ontvang by die Skool se kliniek.

## BANDHULD VIR BLINDES.

W.O. 2215 — DURBAN.

Sedert die stigting van Bandhulp vir Blindes twee jaar gelede, is daar groot vordering gemaak en ons hoop dat die volgende twee

jaar groter vordering sal bring. Toe mnr. Jan Venter, 'n bandgeesdriftige, in 1958 die Bandhulp vir Blindes gestig het, het die beweging slegs oor 'n bankbalans van 16/8 beskik, met net 'n handvol helpers.

Vandag egter het die Bandhulp vier kamers waaronder drie klankdigte hokkies vir lesers, professionele bandopname eenhede asook 'n paar honderd helpers.

*Boeke.* Die doel van Bandhulp is om sover moontlik, afleiding en bystand aan blinde persone te verleen. Die biblioteek groei daagliks met opnames van weeklikse tydskrifte, studies in wetgeleerdheid, wetenskap en medisyne. Blinde studente word bygestaan in hul Universiteitsopleiding; selfs breipatrone word opgeneem vir 'n blinde dame wat 'n bestaan voer met haar breimasjien. 'n Groot taak is onderneem om die Nuwe Testament op te neem. Ons innige dank aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, wat bereid is om alle bandkoste te betaal vir die opneem van die Ou- en Nuwe Testament. Tot dusver is die boek Mattheüs voltooi.

*Lesers en Operateurs.* In die begin van 1960 was daar ongeveer 150 vrywillige lesers maar vanweë die hoë standaard wat gestel word, is omtrent 50% van hulle nie aangeneem nie. Dit is 'n goeie aanduiding van die publiek se samewerking en hulpvaardigheid. 'n Intensiewe opleidingskema vir operateurs is in 1959 ingestel en dit stel ons in staat om ons bandopname-sessies na dertig per week op te skuif. Dit het ten gevolg dat 'n gewillige groep van nie minder nie as 70 persone per week benodig word om die verskillende aparate aan die gang te hou, afgesien van die persone wat verantwoordelik is vir fondsinsameling en die opleidings-komitees. Ons ondervind nog 'n tekort aan Afrikaanse lesers maar hoop om die toestand in die nabye toekoms te verbeter.

*Apparate.* Die apparate word oorlaai met werk en word vir meer as 12 uur per dag, vir sewe dae van die week gebruik. Aande en naweke word gebruik om die verskillende bandopnames te doen en gedurende die dag werk die ere-bibliotekaris, mnr. R. Davimes, een stryk deur met die apparate om die bandopnames op die luisteraars se bande te plaas. Op die oomblik bestaan daar 'n groot behoefte om die klankdigte, bandopnamehokkies te verdubbel en 'n masjien wat afskrifte van bande maak, teen 'n koste van £1,500 op te rig. Laasgenoemde kan egter nie nou al aangepak word nie aangesien die fondse baie beperk is. Dit is egter verblydend om te weet dat die Fondse-komitee hard besig is om die fondse aan te vul.

*Opleiding.* 'n Opleidingskomitee is aangewys en sal ondersoek instel na die moontlikheid om skole en institute van alle rassegroepe van opleidingsbande te voorsien. Daar word alreeds baie individuele studente met gespesialiseerde vakke gehelp.

*Hulp.* Afgesien van die feit dat ons leesstof aan blinde persone verskaf; is een van ons hoof doelstellings om bandopname-apparate aan dié persone te verskaf wat nie finansieël daartoe in staat is om dit aan te koop nie. Van die 210 blinde lede in die Unie en die Federasie in 1959, het slegs 'n rapsie oor die 100 oor masjiene beskik wat deur

hulself aangekoop of deur die Bandhulp aan hulle verskaf is, of deur private firmas en organisasies geskenk is. 'n Skema word op die oomblik beoog om blinde persone in staat te stel om hierdie masjiene aan te koop teen slegs 'n geringe bedrag per maand. So 'n skema benodig egter nog baie kapitaal alvorens dit enige vrug kan afwerp.

*Omvang van Aktiwiteite:* Tot op datum het firmas en organisasies van Durban die meeste finansiële koste gedra, alhoewel die bandopnames oor die hele Unie gestuur word, selfs aan 'n Suid-Afrikaner in Londen. In belang van die uitbreiding van ons werk is verskeie komitees onlangs in verskillende dele van die Unie in die lewe geroep met die hoop dat hulle van hulp sal wees om meer takke vir Bandhulp in ander sentra te stig.

Alhoewel die Bandhulp vir Blindes net die oppervlak geskraap het van dit wat nog gedoen moet word, is ons dankbaar vir die hulp van Durban se mense en organisasies vir hul bystand gedurende die eerste twee jaar. Ons gaan voort met die volste vertroue en wete dat daar menige goeie hart is wat ons sal bystaan en help om met die goeie werk voort te gaan en dit uit te brei tot buite die grense van Natal.

## DIE VERENIGING VIR DIE VERSORGING VAN NIE-BLANKE BLINDES IN DIE TRANSVAAL.

W.O. 283.

Ezenzeleni, Roodepoort. Itireleng, Hammanskraal.

Gedurende die tydperk 1958-1960 was die Vereniging nie in staat om sy werksaamhede uit te brei nie as gevolg van die onsekerheid wat bestaan met betrekking tot die verskuiwing van ons inrigting vanaf Ezenzeleni na 'n plek wat deur die owerhede as geskik beskou word ooreenkomstig die Groepsgebiedewet. Die aanduiding is tans dat die Vereniging uiteindelik al sy departemente te Hammanskraal gehuisves sal hê. Sodra dit gebeur sal uitbreiding soos tevore voortgaan.

*Voorkoming van Blindheid.*

In samewerking met die Buro vir die Voorkoming van Blindheid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes vergesel ons verpleegsters die Mobiele Oogkliniek van die Buro. Hulle vergader dan naturelle van die buitestedelike gebiede wie se behandeling hospitalisasie noodsaak en voorsien dan die nodige behandeling by ons Palmer Oog-Hospitaal, Roodepoort. Daar is 24 beddens beskikbaar en die behandeling, soos voorgeskryf deur ons twee oogartse wat 'n tweeweeklikse kliniek aldaar hou, word waargeneem deur 'n blanke matrone bygestaan deur 'n naturelle suster en naturelle verpleegsters. Die gemiddelde pasiënte-dae vir die tydperk van 2 jaar was meer as 11,000 per jaar d.w.s. 'n gemiddeld van 31 pasiënte wat daagliks behandel is en die aanpasbaarheid van ons Hospitaal mag geredelik gemeet word aan dié amper ongelooflike stelling. Afgesien van die taak om pasiënte te vergader neem ons verpleegsters 'n energieke opleidingsprogram vir die higiëne van die oë, in die naturellegebiede waar en is 'n onskatbare aanwins vir die Mobiele Oogkliniek te oordeel na die kommentaar by die Buro vir die Voorkoming van Blindheid.

*Verhoudings met die S.A. Nasionale Raad vir Blindes.*

Ons is trots op die feit dat so baie van ons Bestuurslede belangrike posisies op die Uitvoerende- en Staandekomitees van die Nasionale Raad beklee en die samewerking tussen die Nasionale Raad en onsself was nog nooit beter nie. 'n Interessante voorbeeld hiervan is dat ons die gashere was (en feitlik die organiseerders) van die Bantoe-Braille-leeskompetisie wat deur die Nasionale Raad georganiseer is ter viering van die Unie-feesjaar.

*Beskutte Arbeid.*

Die feit dat daar soveel onsekerheid bestaan oor ons uiteindelike huisvesting — 'n feit reeds genoem — het verhoed dat enige getal kwekelinge toegelaat is maar namate blinde naturelle in die ope arbeidsmark geplaas is, is die vakatures in die werkwinkels gevul. Teen die einde van 1959 het ons die volgende getalle blinde mans en vrouens in ons werkswinkels te Ezenzeleni en Itireleng gehad:-

*Mans:-* 82 op mandjiewerk; 40 op die maak van borsels en besems; en 11 op die maak van matrasse.

*Vrouens:-* 21 in diens vir die maak van borsels en besems.

Predikante van alle gelowe sorg vir die geestelike behoeftes van die blindes en hulle families; die welsynsaspek word goed versorg deur ons naturelle-welsynswerkers onder leiding van ons Welsynskomitee. 'n Skema vir die aankoop van kosware op groot maat vir die gesinne van blinde mans te Itireleng is van groot hulp vir hulle en alle soorte vermaaklikhede word gereeld voorsien. Ons beroemde koor gee nog steeds uitvoerings by verskillende sentrums.

*Die Ope Arbeidsmark.*

Ons is die pioniers op die gebied van die plasing van blinde naturelle in die ope arbeidsmark en ons behaal steeds sukses in dié rigting — in 1959 is die eerste blinde naturellevrouetelefoniste opgelei en deur ons in werk geplaas; in samewerking met die Werkverskaffingsbeampte van die Nasionale Raad het ons nou 'n aanvang gemaak met die plasing van blinde naturelle op landbou- en tabakplase en ons blinde personeellid, John Kololo, het geblyk van onskatbare waarde te wees in hierdie verband. Ter voorbereiding vir plasing in die industrieë wag ons tans op toestemming vir die oprigting van 'n voorbereidings- en plasingskamp waar blinde naturelle aangepas kan word en vanwaar hulle dan in die industrieë geplaas sal word.

Terwyl ons finansiële posisie nie juis te rooskleurig is nie geniet ons, soos ons suster-verenigings, die ondersteuning van die publiek, die Staat en plaaslike owerhede en ons hoop om nog 'n meer bemoedigende verslag voor te lê aan die Tweejaarlikse Konferensie van die Nasionale Raad in 1962.

## WERKWINKEL EN TEHUISE VIR BLINDES.

W.O. 178 — WORCESTER.

Die Werkwinkel en Tehuise vir Blindes bied reeds huisvesting en werk aan volwasse blanke blinde persone sedert 1933.

Twee tehuise, een vir mans en een vir vroue met 90 inwoners bestaan reeds lange jare en 'n werkwinkel bied werkruimte vir 75 mans en vroue. 12 Woonstelle word bewoon deur getroude blinde mans en hul gesinne.

Die tekort aan akkommodasie het jaarliks meer akuut geword en planne vir grootskaalse uitbreiding op alle gebiede sal nog in die loop van 1960 verwesenlik word.

Die verskaffing van sielkundige- en verplegingsdienste, en 'n depot vir alle benodighede vir blindes teen groot besparings, word baie waardeer en gebruik van gemaak.

Deelname aan die S.A.N.S.O.M. Siektefonds is vir blindes en die Inrigting moontlik gemaak en die Inrigting betaal 50% van die maandelikse premies. Toereikende lone word in die Werkwinkel aan blindes betaal en daar is 'n jaarlikse toename in produksie en afset.



Arthur Blaxall School for the Blind. Physical Culture is an important aspect of the life of blind children.



Port Elizabeth Civilian Blind Society. He reads the story with his fingers.




Efata Skool vir Bantoe Blindes — Nuwe Geboue.



Natal European and Coloured Civilian
Blind Association.
New Hostel for Coloureds.




Cape Town Civilian Blind Society entrant wins prize on ta ndem and mountain climbing.




S.A. Library for the Blind. Miss J. Wood and Staff.

## TAPE-AIDS FOR THE BLIND.



Operation of Recording Machines during th e initial reading of the Holy Bible on to Tape for the benefit of all blind persons.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.